CAPE TOWN HOLOCAUST & GENOCIDE CENTRE

# <u>Graad 9 Opvoedersgids</u>

**Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre bied met graagte agt (8) leseenhede aan wat die Graad 9 KABV (CAPS) onderwerp dek:**

***Mislukking van die Weimar Republiek van Duitsland, die opkoms van Nazi-Duitsland, aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog in Europa, die Holocaust, mense se ondervindinge en weerstand.***

**<u>Eenheid 5</u>**

- Mense se ondervindinge: Ander slagoffers
  ***Teen die einde van die eenheid behoort leerlinge bekend te wees met:***

  1. Hoe die Nazi's ander mense wat hulle as minderwaardig beskou het, behandel het.
  2. Die verskil tussen ''*bloedvyande*" en ''*vyande van die staat*"
  3. Die impak van Nazi ideologie op die res van die Duitse bevolking

In hierdie eenheid word die volgende deur die leerlinge behandel:

1. Hoe die Nazi's ander groepe wat hulle as minderwaardig beskou het behandel het.***Die metodes wat hulle gebruik het om van hierdie ''minderwaardige'' mense ontslae te raak word ook gedek***.
2. Die verskil tussen ''bloedvyande'' en ''vyande van die staat'': ***Hoe die Nazi's die verskille bepaal het en waarom.***
3. Die impak van Nazi-ideologie op die Duitse bevolking ***sowel as die effek op verskillende gemeenskappe***.

Punte kan toegeken word aan die hieropvolgende vrae. Voorgestelde totale word hieronder ingesluit. As onderwyser is jy egter vry om jou eie puntetoekenning aan te wys gebaseer op jou leeruitkomste. Die vrae kan ook gebruik word vir hersiening en uitbreidingswerk.

**Vrae en Voorgestelde Antwoorde (15 punte)**

1. ***Beskryf die verskille tussen ''bloedvyande'' en ''vyande van die staat'' soos deur die Nazi's gesien.***

   Volgens die Nazi's kan 'n ''bloedvyand'' nooit aanvaar word nie aangesien hulle nie hul bloed kon verander nie. ''Vyande van die staat''was egter Duitsers met ''suiwer'' bloed, en alhoewel hul politieke sienswyses nie dieselfde as die Nazi's s'n was nie, indien hulle dit verander kon hulle terselfdertyd hul status verander. (3)

2. ***Watter strategieë het die Nazi's aangewend om die Duitse bevolking te oortuig dat hul behandeling van die gestremdes aanvaarbaar en regverdig was?***

   Hulle het propaganda-veldtogte gebruik. Gestremdes is uitgebeeld as 'n finansiële las vir die Duitse bevolking. Die Nazi's beweer dat geld wat spandeer is op die sorg vir gestremdes, meer voordelig toegepas kan word op ''produktiewe'' Duitse burgers.(3)

3. ***Wie was Joseph Trollman en wat het met hom gebeur?***

   Hy was 'n Sinti bokser wat die Duitse Middelgewig kampioenskap gewen het. Die Nazi's het hom egter van sy titel ontneem en hy is in 'n Duitse arbeidskamp vermoor. (3)

4. ***Dink jy dat daar iets bestaan soos ''kriminele'' bloed of ''onsuiwer'' bloed of ''siektedraende' bloed? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.***

   Menslike bloed word wetenskaplik geklassifiseer volgens verskillende tipes, bv. O, A, B. Dit is van toepassing op alle mense wêreldwyd ongeag hulle karakters, gesondheidstoestand, geloof of nasionaliteit. Die Nazi's se beskrywing van bloed was absoluut vals. (2)

5. ***Wat beteken ''geforseerde sterilïsasie''? Sou dit vandag in Suid-Afrika toegepas kan word? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.***

   Met die toepassing van ''geforseerde sterilisasie'' het die Nazi's Duitse vrouens se reg om kinders te baar, en mans om voort te plant , van hulle, sonder hul toestemming, ontneem. Dit was 'n skending van hul menseregte. Hierdie praktyk sal nie vandag in Suid-Afrika toegepas kan word nie aangesien die land se konstitusie Suid-Afrikaners se menseregte beskerm en waarborg. (4)

**Verryking:**

Klasbespreking:

Dink jy dat daar enige omstandighede is waar dit aanvaarbaar sou wees vir 'n land se regering om te bepaal wie toegelaat sou word om kinders te hê en wie nie toegelaat sou word om kinders voort te bring nie?

**HULPBRONNE**

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:
http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

Yadvashem.org
https://www.yadvashem.org/holocaust/about/nazi-germany-1933-39/non-jewish-victims.html

ushmm.org
https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/mosaic-of-victims-an-overview

www.gov.za
https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/a44-98.pdf